

Kammaland - f:

Goeie dag maat, is jy net so opgewonde soos ek om weer vandag vir Willie, Manie en Nettie te gaan kuier? Vat mamma se hande en maak jou ogies styf toe. Draai drie keer in die rondte. Stop, maak oop jou ogies en gaan sit sommer net daar waar jy is. Welkom in Kammaland!

“Dit is so lekker om jou weer te sien maatjie!” sê Willie. “Kom ons luister wat Manie en Nettie vandag vir jou gaan leer.”

“Hallo maat. Ek dink ek en Nettie moet vandag bietjie hardloop. Wil jy saam met ons hardloop?” vra Manie. “Draf sommer net daar op die plek.”

Ffffffffffffffffff...

“Maatjie, hoor jy ook daardie geluid? Dit maak so fff...”

“Manie, dit is seker die maatjie wat so vining hardloop wat jy hoor.”

“Nee Nettie, luister mooi, daar hoor ek dit weer – fff...”

“Maat ons moet nou mooi stilbly en stilsit en dan kyk ons wat hierdie geluid maak.”

Daar kom 'n dogtertjie op haar fietsie verby gery.

“Maatjie, dit is toe al die tyd die boer se dogtertjie wat op haar fietsie ry en dit maak so fff... Kyk na die “f” – dit lyk soos die dogtertjie se kop met die fietsie se handvatsels waaraan sy vashou. Onthou maat, ons skryf die klankie ook van bo na onder, lig dan jou handjie op en trek 'n lyntjie van links na regs.”

“Dit is regso Manie. Maat kom ons sê net hallo vir die ou dogtertjie! Hallo dogtertjie! Ons hou baie van jou fietsie hoor! Jy is nou in Kammaland!”

“Goed Nettie, die maatjie moet nou hierdie klankie gaan oefen. Mooi bly maatjie! Sien jou gou-gou weer. Lekker fietsry!”

“Totsiens maatjie.”

Vat weer mamma se hande, maak toe jou oë en draai drie keer in die rondte. Maak nou oop jou oë en onthou om jou nuwe klankie te oefen.



